
THE CAPE TOWN
TRADE UNION
LIBRARY

# montagu middagskof



B88/27 Community Organisation Box 13B

# Voorwoord

## Wie het hierdie boek geskryf?

Op Saterdag 5 Oktober 1985 het 50 mense in die saal van die Montagu/Ashton-Gemeenskapsdiens bymekaargekom. Almal het te doen met die Lees-en-Skryfprojek : daar was 21 leerders en 15 groepleiers uit die dorp en wyk; La-La, Dawie en ander personeel en vriende van die MAG; en 5 mense van die Kaap wat die afgelope maande gehelp het met die projek.

Die leerders en groepleiers het die stories geskryf wat in hierdie boek verskyn.

## Hoe het ons die stories geskryf?

Die groepleiers en MAG-mense het as "sekretarisse" opgetree. Elke leerder het aan ŉ storie gedink en dan daardie storie vir een van hierdie mense vertel. Daardie

persoon het dan die leerder se woorde neergeskryf presies soos hy/sy dit gesê het. Daarna het die sekretaris die storie weer teruggelees aan die leerder. As daar 'n fout was, of as die leerder iets wou verander, het hy/sy vir die sekretaris gevra om dit so te verander.

Terwyl die stories geskryf is, het Lies prente geteken wat by die stories pas. Ons het ook foto's geneem.



Alice Ventura

Daarna is al die stories op tikmasjiene getik.

Sommige van die groepleiers het agterna ook nog hulle eie storie gemaak en neergeskryf.

Later het ons in 'n groot kring gaan sit en al die stories voorgelees. Dawie het



al die stories, tekeninge en foto's op groot velle karton geplak en dit teen die muur vasgeplak sodat almal dit kan sien.



Ons het almal saam gedink aan 'n naam vir ons muurkoerant, en besluit om dit "Montagu Middagskof" te noem.

Ons het die stories en tekeninge terug Kaap toe geneem en het hierdie boek daaruit gemaak.

<u>Hoekom wou ons 'n boek skryf</u>?

1. Om te wys dat elkeen stories het wat neergeskryf kan word.

2. Om mense opgewonde en trots te laat voel om hulle eie woorde gedruk te sien.

3. Om vir ander leerders stories te gee om te lees wat vir hulle van belang is, omdat hulle ook sulke dinge ken of self ondervind het.

Ons het mense se woorde nie verander nie, al was dit soms nie "skryftaal" nie. Ons wou mense die geleentheid gee om "hulle stem te laat hoor", net soos hulle regtig is - vrolik, opgewonde, snaaks, ernstig, bedruk of hartseer!

Ons het dit baie geniet om die Storiemiddag te organiseer en om hierdie boekie te maak. Ons hoop u geniet die lees daarvan!

Dawie Bosch
La-La Steyn

Montagu

Rachel Jenkins
Hester van der Walt
Nancy Murray
Lies Hoogendoorn
Linda Wedepohl

Kaapstad

Oktober 1985

## Almal wat daar was

| Groepleiers | Leerders |
|---|---|
| Katrina de Koker | Johannes Lombard |
| Frans Stallenberg | Hendrik Koker |
| Rose Plaatjies | Stoffel Swanepoel |
| Piet Conradie | Boy Weavers |
| Stoffel Wagner | Jan Weavers |
| Rosina Simon | Annie Raubenheimer |
| Alice Ventura | Margaret Henry |
| Katie Johnson | Martiens Bostaander |
| June Windvogel | Johanna Johnson |
| Rosslind Hartman | Rosina Saayman |
| Michael Maasdorp | Vossie Antonie |
| Cheronica du Preez | Hendrika Julies |
| Ruby Skippers | Jacoba Antonie |
| Mara Nell | Rosaline Titus |
| Katrina Schrader | Flip Schrader |
| Willie Scheepers | John Joseph |
| | George Moses |
| | Jan Johnson |
| | Johanna McKleyn |
| | Oom J Charlie |
| | Ant Martha |

Vriende

Nathan Mgada

Dirk Marais

Ennie Conradie

Settie Lekay

François Johnson

Tiksters

Karen Titus

Elnerine Swanepoel

Claude Windvogel

Mara Nell

Alice Ventura

Die volgende mense het in die Kaap met die boekie gehelp :

Rita de Kock

Edmund Dryding

Jenny Hendricks

# Inhoud

Voorwoord
Almal wat daar was

| | Bladsy |
|---|---|
| Dis my storie .................. | 1 |
| 'n Mooi ding .................. | 4 |
| Die houtveldstorie ............... | 6 |
| Wat is 'n huis sonder 'n vader? ... | 9 |
| Ma sonder gelerentheid ......... | 10 |
| Katrina Antonie ............... | 11 |
| Stoutwees ...................... | 12 |
| Bon-Accord se beesveiling ...... | 14 |
| Raadop! ........................ | 15 |
| Jakkals ........................ | 16 |
| Op pad ......................... | 18 |
| Slim Jan en Dom Jan ............ | 19 |
| My ou verlore skooldae ......... | 20 |
| My grootste pakslae ............ | 22 |
| Ennie Conradie ................. | 24 |
| 'n Ware gebeurtenis: Noodgeval! .. | 26 |
| Die kind van Sub A ............ | 28 |
| Ek het bloed gehoes ............ | 30 |
| My begeerte .................... | 30 |
| Dit kon so anders wees ......... | 31 |
| Huisraat ....................... | 34 |
| Lena Bell ...................... | 36 |


Bladsy


Die kombersie .................. 39
Stoffel Swanepoel ............ 40
Neusloop ....................... 41
Geldgierigheid neem lewens ... 42
In my jongsdae ................ 45
Die kamstige Springbok ....... 46
'n Gelerenheid ................ 48
Tandpyn ....................... 49
Waar's my tande nou? ......... 50
My jeugjare ................... 52
John Joseph ................... 53
Jan Weavers ................... 54
Swemles ....................... 55
Kaalvoetklimmeidjie ........... 56
Misbredie ..................... 58
Ek en my meisie ............... 59
Die geld was te min ......... 60
'n Gelerentheid ............... 61
Oom J. Charlie ................ 61



# Dis My Storie

Ek kan dink:
Een jaar toe is ek baie jonk,
toe kom my pa
saam met ons tot op Rawsonville.
Toe raak ek weg van die huis af
en 'n vriend sê vir my
ek moet saam met haar Klapmuts toe.
Ek kan nie lees en skryf nie,
maar ek ry saam met hulle deur die berg.
Ek raak so vaak.
Toe ons op die berg se draai kom,
skrik sy wakker.
Vyfuur kom ons daar aan,
maar toe raak ek so hartseer.
Toe verlang ek na my pa.
Ek moes daai nag terugloop Rawsonville toe.
Maar ek ken nie die plek nie.
Die Here help my veilig deur die nag.
Die oggend ses uur, toe dit motreën,


Margaret Henry

toe kry ek vir die eerste maal
'n lift Rawsonville toe.
Toe ek by die huis kom,
toe sê my pa: "My kind, moenie weer wegloop nie".
Ek was hartseer want ek was honger.
My pa het ons grootgemaak
want my ma was al oorlede daai jaar.

Margaret Henry

## ŉ Mooi Ding

Eendag toe ek nog ŉ ou tjokkertjie was, sien ek ŉ baie mooi ding op my oumies* se kombuisdeur sit. Ek vra toe, "Aoou! Mies, wat vir ŉ ding is dié?" Die oumies sê toe, "Oë? Dis ŉ popogaai. ŉ Fraai popogaai van Bombaai en sy kleur was fraai." Oumies sê toe, "Hy het hom in blousel en borrie gebaai. Toe hy kleur op kleur kry, was sy saaiheid verby."

Wel, hoe's daai vir ŉ fraai papegaai?

Ant Ruby Skippers.

*"In die ou dae het ons woorde soos 'Oumies' en 'Baas' gebruik, maar vandag voel ons dat dit verkeerd is," sê Ant Ruby.

Alhoewel sulke woorde in sommige van hierdie stories gebruik is, beteken dit nie dat die mense dit as reg aanvaar nie.



Ant Ruby Skippers

## Die Houtveldstorie

Toe ek veld toe gegaan het,
het ek gaan hout haal.
Toe het ek hout gesoek.
Dit was baie warm gewees die dag.
Toe het ek my hout klaar gesoek.
Toe dink ek,
ek gaan nou maar loop met my hout
huistoe.
Ek het toe geloop.
Die Here het my weer veilig gebring huistoe.
Toe vra ek vir ouma Karlien
of sy nog saam met my gaan loop.
Toe het sy saam met my gestap.
Toe sê ek vir ouma,
"Ons sal moet huis toe met onse hout".
Toe het ek by die huis gekom.
Toe het ek my ou skool boekie gevat
wat ek uit leer
en begin lees uit die boekie:


Hout dra.


"Die kinders is honger".

Ek het 'n begeerte om graag te leer.

En ek hoop die Here gaan my meer help.

Dit is my begeerte om te lees en skryf.

Ant Martha van Rietvlei 1



Rose Plaatjies en ant Martha

## Wat is ŉ huis sonder ŉ Vader?

Die boek met die naam van 'N VROU ALLEEN *
laat my dink aan myself.
Ek woon ook alleen in ŉ huis.
Dit is swaar om alleen te bly.
Ek het net een seun.
Ons bly ook maar so in die huis,
en as ek weer begin rondloop
dan loop ek sommer heeldag rond.
Of ek gaan slaap ŉ bietjie uit,
en as ek terugkeer
dan hoor ek ook maar
ek is op soek na ŉ kêrel
en my antwoord is,
"Jammer, ek stel nie belang nie".

Rose Plaatjies

* 'N VROU ALLEEN is ŉ storie, geskryf deur ŉ leerder, wat aan die begin van die storiemiddag as voorbeeld voorgelees is.

## Ma Sonder Gelerentheid

Baie kere kan ek nie
my kinders met hulle skoolwerk help nie.
Soos in hierdie geval van daardie vrou
wat die kind na haar toe gekom het
wat sy hom nie kon help nie.
Dit is in die geval van my ook so.

Ek is 'n ma van 5 kinders
en ek kon hulle ook nie help
toe hulle na my toe kom nie,
want ek kan ook nie lees en skryf nie.

In die Sondagskool is die kinders
wat ek voor klas gee in St. 3.
Hulle is reeds geleer.
Maar in my swakheid leer ek hulle
en help hulle om met Jesus kennis te maak.

Ant Wos Saayman

Die rede hoekom ek nie skool gehad het nie :
op die plaas wat ons gebly het
was dit baie ver van die skool gewees.
Toe ek nou so begin tien jaar raak
moes ek onder bruinmense werk
om my ma te help.
Daai tyd het hulle maar 'n pond betaal in
die maand.
Vandag hou hulle vir my kinders skool.
Vandag sien ek hoe nodig dit is
om te lees en skryf.
Ek leer nou lees en skryf.
Ek voel dit is die moeite werd
om te kan lees en te kan skryf.

Katrina Antonie (Vossie)

George Moses Vertel: Stoutwees

Ma het eendag gaan water haal by die pomp
en die ou het eerste die hoendereiers geskei:
die geel en die wit.
Toe gooi Ma die wit in die fles.
Ek het gemeen dis perske-kên.
Ek beflieë sommer die fles
en wat ek hom omkeer toe sluk ek hom,
toe's dit 'n fles hoendereier se wit.
Hy's so taai hy wil nie afbreek nie.



Hy loop aaneen.
Toe Ma by die deur inkom
toe's ek nog besig.
Ek gooi op.
Ma sê: "Dis van
jou vratterigheid.
Jy moes sommer
doodgegaan het.


Jy sal nog gif ook steel, jou skelm!"

My een broer wat by my ma gewees het, sê:

"Jy kan mos sien Ma's besig met koekbak,

jou vraat.

Jy's erger as 'n muishond".



George Moses en Willie Scheepers

## Bon-Accord se beesveiling

3 Oktober 1985 het ons veiling op die plaas
gehad.
Dit was ŉ hewige affêre;
was en kam, droogmaak die hele tyd.
Toe die boere wat kom koop, opdaag,
was almal senuwee-agtig.
Daar het ons die beste in drie groepe gedeel
en elkeen het sy plek ingeneem.
Die afslaer kom van Bloemfontein.
Ons het met baie mense kennis gemaak.
Drie minute oor elf het die klok gelui
vir die begin.
Elke bees het ŉ nommer op sy heup gehad.
Hulle moes een vir een
in die ring geloop het,
en ons moes gesorg het
dat elke bees soos hy genommer is, inkom.
Die gevaarlikste van als was
dat ek met die grootste bul op die plaas,

man-alleen in die ring moes loop.
Toe ek inkom
was almal se oë op my gerig.
My senu's het self gewerk.
Maar toe die bul eers aan die gang is,
toe het ek hom koudgelei in die ring.
Hy het vir ŉ goeie prys gegaan.

Willie Scheepers

Raadop!

My leerders was
vir minstens ŉ maand laas by klasse.
Ek soek raad.
Hulle kom net
wanneer hulle wil kom.
As ek raad kry
of gegee kan word
sal hulle miskien terugkeer klas toe.
Alhoewel hulle baie gewerk het
vir die veiling.

Katrina de Koker

## Jakkals

Jakkals en Wolf - hulle was maats.

Toe kom Jakkals een aand by Wolf.

Toe sê Jakkals vir Wolf;

"Jong, hier hou die mense kerk.

Gaan jy hier in, dan hou ek aan jou voet vas".

Hy gaan toe in.

Toe hy daar binne kom, toe sien hy dis bye.

Toe meen hy dis ouens wat kerk hou.

Toe steek hulle hom op sy oog.

Toe sê hy vir die manne,

"Hoekom is julle so ongeleerd?"

Toe is jakkals maar hoeka weg.

Jakkals en Wolf was tjommies.

Toe kom hulle daar anderkant,

toe kry Wolf vir Jakkals in die hande.

Toe sê hy net so

"Broer Wolf, hou net die krans vir my vas".


Toe sê Wolf vir Jakkals:

"Die krans staan so lankal hier.
Die bobbejane speel so lank op die krans".
Toe sê Jakkals :
"Nee, Broer Wolf, help my".
En toe kruip Wolf onder 'n vaste krans in
en Jakkals is weg.

Hendrik Koker

Op Pad

Ek het van Beaufort-Wes af gekom
en ek het gestap
en die dag was vreeslik warm gewees
en toe het ek al gedink
hoekom kan ek nie 'n lift kry op die pad nie?
My skoene was al stukkend geloop
en toe het daar 'n Kombi by my gekom
en toe het hy my 'n lift gegee.



Toe was ek reeds al op pad Montagu toe,
maar toe ek hier kom,
toe het ek gehoor van daar is 'n aandskool
want ek het nie geken van lees en skryf nie.
Toe het iemand vir my gesê:
"Kom aandskool toe, daar sal jy kan lees

en skryf"

en ek voel nog altyd om te leer,

want 'n mens raak nie te oud om te leer nie.

Nou voel ek dat dit vir my 'n blydskap is

omdat ek nou die naam kan skryf en my van.

Ek is nou drie en dertig jaar oud,

maar ek voel nog altyd vir aandskool gaan.

Martiens Bostander

## Slim Jan en Dom Jan

Eendag was daar Slim Jan en Dom Jan.

Eendag besluit hulle om 'n huisie te bou

in 'n boom.

So 'n huisie noem jy 'n boomhuisie.

Toe gooi Dom Jan 'n vurk in die lug op en sê:

"Hier kom die Duiwel af!"

Chris Johnson (7)

Katie Johnson se seuntjie

## My Ou Verlore Skooldae

In ons dae

kon ons ook nie skoolgaan nie.

Ek moet ook maar sê

dit was swaar om by 'n skool te kom.

Ek moet sê

ek moes ook kok wees

en na die kinders kyk.

Vanaf elf jaar

was ek so bietjie in die skool,

maar ek kon nie verder nie.

Ek wou ook graag leer


lees en skryf soos ander kinders.

Daarom probeer ek vandag

en is ek nog steeds besig

om te leer lees en skryf.

Johanna McKleyn



Katie Johnson en ant Johanna McKleyn

# <u>My grootste pakslae</u>

Dit was die einde
van my eerste skooljaar.
Baie opgewonde drafstap ek huis toe,
want 'n lekker lang vakansie lê voor
en ek staan heel eerste in my klas.
Ek was so spoggerig
want ek was die beste.
By die huis gekom
wag my pa my in.
Hy begin my te slaan
en hy hou aan en aan.
Die bloed vloei,
maar ophou is min.
Geen kans vir my
om uit te vind waaroor dit gaan.
Toe hy pootuit gaan sit
vra hy my waar is my ma se horlosie.
Al wat ek weet is dat sy 'n nuwe horlosie
net die vorige dag gekry het.

Ek sit verstom en huil
want ek weet niks van die horlosie af nie.
My klas-onderwyseres kom daar aan
en vind my so huilende.
Sy dokter my seerplekkies en troos my.
Toe kom my broertjie in
en sê aan my pa
"Pappa ek moet pakkry want ek het die
horlosie vir 10c verkoop".
Toe moes hy slaan, maar niks,
hy sit toe net daar
en kyk my stom aan.
Spring op, gryp my vas
en druk my styf teen hom aan
en vra baie mooi om verskoning.
Hy neem my rapport en lees dit.
Toe sê ek "Gedink ek druip nê?"
Van daardie dag af ken ek nie meer slae nie.
Toe doen ek net wat ek wil.

Onskuldige

Ennie Conradie van Rietvlei 1 vertel:

My man was 'n drinker. Hy was sommer baie lief vir drink. Elke naweek het ons baie baklei. Ek het hom verskriklik seer gemaak want wanneer hy so dronk is, is hy mos swakker as ek. Wanneer ons so baklei het, het my tweejarige altyd gevlug want haar verstandjie wou dit nie vat nie. As ek haar gaan haal het, wou sy nie kom nie want sy was te bang dat ons weer sal baklei.

Eendag het my man besluit dat hy nie so kan aangaan nie, want hy was geen voorbeeld vir sy kinders nie. Ek het ook gesê ons moet ons huwelik maar opbreek en dan kan hy maar drink soos hy wil. Maar op die daad het hy besluit hy los alles want hy sien nie kans dat sy kinders sonder 'n vader moet grootword nie. Hy is te lief vir hulle en hulle is bang vir hom.

Vandag is ons huwelik gelukkig en sy kinders is baie lief vir hom. Ek myself wil nie 'n beter man hê as hy nie want ek is net so lief vir hom. Ek hoop dit sal altyd so bly tot ons einde.



Ennie Conradie

## ŉ Ware gebeurtenis: NOODGEVAL!

Toe ek nog op die plaas gewerk het,
was my werk om die diere te versorg
en om te melk.
Eendag was ek weer besig
om die koeie op te pas,
toe sien ek
dat een van die koeie opgeblaas is.
Nou as ŉ dier opgeblaas is
is dit gevaarlik.
Vinnig het ek toe begin planne maak.
Ek het eers die koei begin rondja,
maar dit het nie gehelp nie.
Toe onthou ek
dat my pa vir my gesê het
dat, as ŉ koei opblaas,
dan moet jy ŉ mes vat
en so vier-vinger-breedte van die heupbeen af
ŉ gat in die pens steek.
Ek het toe vinnig na die naaste huis gehard-

loop
en 'n mes gekry.
Toe ek terugkom by die bees
was sy al ver heen opgeblaas.
Dit was toe net 'n kwessie van tyd,
dan sou sy bars en vrek.
Ek het by haar gekom,
haar begin streel en vir haar gesê:
"Toemaar, die pyn sal nou weg wees".
Ek het na haar linkerkant geloop
en die tafelmes in die pens gesteek.
Die wind het vinnig afgeloop
soos uit 'n motor-band.
Skielik het sy begin beweeg
en kraal toe gestap.
Vandag is dit een van die boer
se beste melkkoeie.

S. Wagner

## Die Kind van Sub A

Ek was in die skool gewees
toe ek ses jaar oud was.
Toe kom dit so dat ons trek.
Toe sê my ma en pa,
hulle gaan my in die volgende skool
sit.
Toe ons hier kom,
toe is hier geen buiteskool nie.
So het ek in Sub A gebly en gebly,
dat ek nou weer in my veertigste jare
van ses jaar af,
weer die geleentheid kry.
En ek geniet dit!

Jan Johnson



Jan Johnson

## Ek het Bloed Gehoes

Ek het Saterdagaand bloed gehoes.
Toe het ek Dinsdag na die Kliniekbussie toe gegaan.
Ek het vir hulle gevra wat dit is,
toe het hulle vir my gesê
ek moet dokter toe gaan.
Toe het ek Woensdag dokter toe gegaan.
Toe sê dokter ek het kwaai bronchitis.
Maandag moet ek gaan vir plate.

Johanna Johnson

## My Begeerte

Ek wou altyd skryfster word,
maar vandag doen ek HARE.
Wie weet, miskien gaan ek
nog eendag my eie boek skryf.

Rosslind Hartman

## Dit Kon so Anders Wees


Ek het skool gegaan
maar deur my siekte
het die gelerendheid van my uitgegaan.
Ons het in die Koo gebly,
deur my ma se stiefman
kon sy nie aan ons aandag gee nie.
En soos 'n kind maar is,
bly ek tussen die bosse
en toe het die bontpoot-bosluisetjies,
twee van hulle op my kop hier gebyt.
En toe het hulle veroorsaak
dat ek bosluiskoors gekry het
en daardeur het my gelerendheid heeltemal
uitgegaan.
Maar my hart se begeerte was altyd
om te kan sien wat in 'n boek staan.

En toe het my ma my maar verhuur
want ons het baie swaar gehad.

Al die jare het ek maar gewerk.
En toe ek begin te groot word,
het ek maar altyd gevoel
om vir my ma-hulle 'n brief te skryf,
maar toe moet ek ander vriende van my
vra om te skryf.

As ek nou daar so sit en dink,
as ek nou swaarkry by die witmense,
hoe sal my ma hulle voel
en weet as ek nie kan sien in die telefoonboe
en nie kan skryf nie.

Toe het ek maar besluit
of net in my hart begeer
as ek in die bus by Bellville stasie loop
en vra met wat se bus gaan 'n mens.
Maar die Here was altyd goed vir my,
want die baas wat die bus ry
het my altyd gehelp.



Ek is vandag spyt
dat ek deur my siekte nie kon geleer het nie,
maar nou het ek die kans
om te leer skryf en te leer lees.

Jacoba Antonie

Ashbury



## Huisraat

My seuntjie was 3 jaar oud
toe word hy siek.
Ons was ver van die dokter af.
Ons kan nie dadelik gegaan het nie.
Ons baas was nie daar nie.
Hy het so siek geword
sy magie het aan die werk gegaan.
Ek het sommer self my raatjies aangevat.
Toe ek sommer bakbossies opgesit het,
toe sien ek dit help nie.
Toe vat ek kruienaeltjies
en maak dit soos poeier
en toe sif ek dit deur ŉ kous.
Ek vat toe ŉ vaal papier.
Ek het niks anders om mee
dit deurmekaar te maak nie.
Toe vat ek harde vet en meng dit
en toe sit ek dit op.
Toe gaan ek dokter toe
want ek weet nie of hy gesond is nie.

Ons sit daar by die dokter se spreekkamer
en hy speel toe.
Toe sê ek die dokter moet kyk of hy gesond is.
Toe vra die dokter vir my
waarmee ek gedokter het.
Toe skrik ek so
dat ek nie weet
of hy gesond is nie of siek is nie.

Ek weet toe nie of ek moet sê ja
want ek weet nie of hy gesond is nie.
Toe ondersoek die dokter hom.
Toe is hy gesond:
die kruie het gehelp.
Toe het ek nie betaal vir die ondersoek nie.
Hy het inflammasie in sy dikdermpie gehad.

Annie Raubenheimer

Lena Bell vertel:


Gedurende die Tweede Wêreldoorlog en depressietyd in 1934 het ons op 'n plaas tussen Fraserburg en Loxton in die Groot Karoo gewoon.

Dit was swaar tye. Ons was drie kinders bymekaar en moes maar tevrede wees met een goeie maaltyd 'n dag. Die ander maaltye was maar skraps en het bestaan uit skilpadvleis. Daarna het ons vir 'n maand lank getrek met 'n donkiekar deur die Seweweekspoortpas na Ladismith.

Op 'n plaas naby Ladismith, Ockertskraal, het my pa toe werk gekry. Daarna het dit effens beter met ons gegaan, want daar was baie meer kos om te eet. My oudste broer het toe die plaasboer se donkies opgepas. Ek moes alleen na die boervrou se hoenders omsien sodat hulle nie in die lusernkampe beland nie.
Op 'n dag, terwyl ons almal op die plaas besig was, het daar 'n onderwyser met 'n fiets op die plaas aangekom. Toe die blanke vrou die onderwyser sien aankom,

het sy gesê dat ek en my broer tussen die bosse moet gaan wegkruip. Die onderwyser vra toe of daar nie nog kinders op die plaas is wat kan skoolgaan nie. My pa het baie ver daarvandaan op die landerye gewerk. Toe sê die vrou dat daar nie meer kinders op die plaas woon nie. Die onderwyser het toe maar weer teruggegaan na sy plaasskooltjie, Agrynskraal. Daarna het die vrou gesê dat ons maar kan uitkom en met ons werk begin.

Ek het op daardie plaas groot geword. Die kans en geleentheid was nie daar om te leer lees en skryf nie. Vandag is ek getroud en uit die huwelik is daar twee seuns en een dogter. My pa is al oorlede, maar my ma lewe nog. Daarna het ons verhuis na Montagu. Dis nes asof hulle gestuur was, want met die hulp van Lala en Dawie kan ek ook vandag lees en skryf. Hulle is albei baie geduldig met ons.



Frans Stallenberg

## Die Kombersie

Dit was vir my 'n baie groot voorreg

om self te skryf en te lees.

Dit was vir my baie swaar gewees

toe ek nie kon lees en skryf nie.

Eendag was daar 'n klein seuntjie.

Sy naam was Pietie.

Hy het elke oggend skooltoe geloop

en dit was baie koud

en hy besluit om

om te draai terug huistoe.

Sy mammie vra: "Waarom is jy terug?"

Hy sê: "Dit is koud".

Frans Stallenberg

Dit was vir my 'n groot wonder
toe ek skool moes gaan,
toe wil ek nie skool gaan nie.
Maar nou is ek spyt.
Maar nou is dit te laat.
My ma het my baie geslaan
toe ek gedruip het.
Ek het baie met die kinders baklei
langs die pad.

Stoffel Swanepoel



## Neusloop

Gisteraand het ek 'n snaakse ete gehad.

Die kos was mnandi.

Dit was sommer baie lekker.

Die enigste probleem is

dat my neus heeltyd geloop het.

Ek vat net 'n paar happe

en dan loop dit weer.

Ek dink die kok

het veels te veel kerrie ingesit.

Dawie Bosch

## Geldgierigheid neem Lewens

Eendag was daar drie mans.
Hulle het toe besluit
om die bank te beroof.
Hulle het dit gedoen
en 'n klomp geld gesteel.

Die drie mans het onder 'n boom gaan sit
om die geld te tel.
Die leier sê toe vir die ander twee
om gou koeldrank te gaan koop.
Toe hulle weg was dink die leier
dat as hy hulle twee doodskiet,
hy baie geld sal hê.
Die twee het toe by die dorp aangekom
en koeldrank gekoop.
Hulle het gif in die koeldrank in gegooi
om die leier dood te maak
sodat hulle die geld kon deel.
Toe hulle by die leier kom,

het hy hulle altwee doodgeskiet.
Die leier het toe teen ŉ boom gaan sit
en die koeldrank gedrink.
Hy het ook toe van die gif doodgegaan.
ŉ Ou man het toe daar verby gekom
en die geld opgetel
en vinnig huis toe gestap.
Toe hy by die huis kom
vertel hy sy vrou wat gebeur het.
Sy vrou was baie bly
want hulle was arm mense.
Die man het die kis met die geld
onder die bed gesit.
Hy sê vir sy vrou
om alles aan die brand te steek
terwyl hy gou kos in die dorp gaan koop.
Hulle is mos nou ryk
en kan nie meer in ŉ pondokie bly nie.
Die vrou het toe die bevel uitgevoer.
Toe die man van die dorp afkom,
sien hy dat alles al afgebrand is.

Hy vra toe vir die vrou

waar die geld is.

Tot sy skok besef hy

dat die geld met die huis uitgebrand het.

Hulle het toe albei aan 'n hartaanval beswyk.

Nathan Mgada

## In My Jongsdae

Een nag op pad huistoe

hoor ek 'n padda skreeu.

Toe neem ek die loop

met my kitaar agter my rug

want dit gaan toe vir my


of die padda my volg.

Ek dink tot vandag nog

of dit 'n menspadda was

of 'n spookpadda.

Oom Flip



## Die Kamstige Springbok

Eendag was daar gewees
'n jong seuntjie.
Hy was maar baie klein en tingerig gebou.
Maar hierdie seuntjie
het hoë ideale gekoester.
Hy het hom altyd in verbeelding ingeleef.
Sy grootste begeerte
was om 'n Springbok te word in rugby.
Sy groot held was Calla Scholtz.

Toe hy groter geword
en begin sports maak het,
het hy hom altyd verbeel
dat hy Calla Scholtz is.

Die dag toe hy
sy provinsiale kleure kry
was Springbok-kleure nie meer ver nie.
Hy het net vir sy sport gelewe.

Alles wat hy gedoen het, was rugby.

Die dag toe hy

sy Springbok-kleure verwerf het

was Calla Scholtz iets van die verlede.

Sy eerste wedstryd was teen die All Blacks

waar hy 'n bal onderskep het

en deur-genael het pale toe.

Hierdie kêreltjie het vêr genael

en in die verste hoek oorgeduik vir sy drie.

Toe hy wakker skrik,

het hy met kussings

en komberse

op die grond gelê.

Ja, die kamstige

Springbok

soek nou nog

na sy kleure ...

Francois Johnson



# 'n Gelerenheid

Ek kan nou skryf.

Nou is ek bly van die skool.

Waar ek gestaan het,

staan ek nie meer,

vir die genade van die Here.

Ant Margaret Henry

# Tandpyn

Een nag het ek ŉ vreeslike tandpyn gekry
dat ek gehuil het soos ŉ kind.
Toe lag my man vir my
want ek was bang vir tandtrek.
Maar die oomblik toe my man lag
het ek gedink,
net môre gaan ek
al my slegte tande laat trek.
Op pad tandarts toe
vra iemand vir my
waar ek heen gaan.
Ek vertel toe.
Hy sê vir my:
"Tandpyn is nie ŉ pyn nie
maar ŉ soetliefde-pyn is ŉ pyn".
Vriende glo my, tandpyn is ŉ baie seer pyn.

Katrina Schrader

## Waar's My Tande Nou?

Ek was 12 jaar oud
toe het ek altyd potte geskuur
vir my ma by die sloot.
Eendag toe roep sy my.
Ek moet haar snuifblik
by die huis gaan haal.
Toe was ek baie kwaad.
Ek sê toe:
"Ag, elke dag moet ek
die ou snuifblik gaan haal."
My ma roep my toe terug.
Sy sê toe: "Wat het jy gesê?"
"Nee, niks nie, Ma."
Ek hardloop toe terug
en ek gaan haal die blikkie.
Sy vat aan my hand
toe ek die blikkie gee vir haar.
Sy slaan my met die vuis in my mond
en altwee my voortande was uit.

Ek het omtrent gehuil oor my tande.

Ek het hulle opgetel

en in my hand gehou.

Toe het ek dit vir

die Oumiesies gaan wys.

Toe sê die Oumiesies

hulle sal nie weer uitkom nie,

maar toe het ek eers gehuil.

Ek was 'n gruwelike stout kind.

Ouma Settie Lekay




Cheronica du Preez en ouma Settie Lekay.

## My Jeugjare

Toe ek 'n kind was,
was my begeerte altyd graag
om skool te wil gaan.
Maar daar was nie vir my kans nie,
want my vader het te veel rondgetrek.
Daarom kon ek nog nooit
by 'n skool uitgekom het nie.
Toe ek by 'n skool uitgekom het,
toe was ek so omtrent 13 jaar oud.
Ek kon toe net 'n paar maande skoolgaan
want toe haal hulle my uit die skool uit
omdat my suster,
wat vir ons huis gehou het,
getrou het.
Toe moet ek uitgaan
om huis te hou vir my vader,
want ons moeder was toe reeds al oorlede.

Ant Drieka Julies van Montagu

Ek is baie bly
om vandag die geleentheid te het,
om nog vandag so 'n kans te het.
Want die tyd wat ek groot geraak het,
was daar nie tyd om te leer nie.
Want werk was voor gewees.



John Joseph

Ek het eendag uit die werk gekom.

Toe het ek amper op ŉ slang getrap.

Dit het so gekom:

die slang het net soos ŉ stuk hout gelyk.

Ek het baie groot geskrik.

Jan Weavers, van Rietvlei 1



## Swemles

Ek het eendag gaan swem.

Die dam was baie vol.

Toe ek duik

het ek regop gegaan

tot op my voete.

Toe het ek maar begin stap

onder deur die water.

Ek het nie gou weer gaan swem nie,

ek het te groot geskrik!

Piet Conradie

## Kaalvoetklimmeidjie



Ek wou nie skool toe gaan nie,
want die skool was te ver
en ek moes kaalvoet loop.
Toe wou ek liewers
gaan kind-oppas by die blankes,
sodat ek hulle ou skoene kon kry.
Ek het nooit daaraan gedink
dat ek moet leer lees en skryf nie.
Vandag kry ek swaar
en is bitter jammer daaroor.
Elke keer as daar 'n rekening kom
moet ek die kinders roep:
"Kom lees gou hier."
Ek is baie bly
vir die geleentheid wat my gegun is
om nou te leer lees en skryf.

Roseline Titus,
Ashbury, Montagu



Rose Titus

## Misbredie

Pluk 'n handvol wildemostert

tussen lusern of koring.

'n Mens kan hom kook

soos 'n mens groenboontjies kook.

Dan water jy hom af.

Twee aartappels daarby,


dan 'n lekker stukkie varkspek daarby.

Dan dek jy jou hele tafel

vir jou hele huisgesin met hom.

Die tafel word gedek

met waterlemoen en spanspek.



Oom Flip

Ant Tina en oom Flip Schrader.

## Ek en My Meisie

Gisteraand toe het ek geloop.

Toe het ek iets uitgevind

wat vir my onbruikbaar gewees het.

Toe het ek ŉ meisie gekry langs die pad.

Toe het ons uitgestap tot laat in die nag,

maar niks uitgevoer

terwyl ons laat in die nag geloop het nie.



Johannes Lombard

## Die Geld was te Min

Die tyd toe ek moes skool toe gaan,

toe moes ek gaan werk.

My vader het eigentlik vir te min geld gewerk.

Ons was nege kinders in die huis gewees


en my vader het vir 40c in die dag gewerk.

En nou kry ek die kans

om aandskool te loop

en dis lekker vir my.

Boy Weavers van Rietvlei 1



# 'n Gelerentheid

Ek is bly dat ek die voorreg het
om te leer lees en skryf.
Ek het baie rondgestaan
en het nie die voorreg gesien nie.
Maar nou het ek die voorreg gesien.

Martiens Bostander

Ek is dankbaar
dat ek my naam kan skrywe.
Ek is dankbaar
vir die geleentheid
wat ek ontvang het
om my gelerentheid te gee.

Oom J. Charlie



Produced by the Adult Basic Education Project, U C T
in co-operation with the Literacy Project,
Montagu and Ashton Community Service.

Artwork by Lies Hoogendoorn.

Printed and published by the Centre for Extra-Mural Studies,
University of Cape Town.
1985.